

Riglyne vir onderrig**Pre-lees**

Laat die leerders eers self na die gedig kyk en in groepe probeer agterkom waarom die gedig gaan, sonder dat daar vir hulle gesê word dat hulle die gedig van onder na bo moet lees.

Post-lees: Verstaan die teks**Agtergrond van die gedig**

Die digter se pa het 'n berg met die naam Hlomisa (beteken Reëngod) op sy plaas gehad. Die Sothomense van die omgewing het dikwels op sy plaas bymekaargekom en in droogtetye na die berg gestap, tot heelbo, om daar vir reën te gaan bid. Psalm 121 het 'n besondere betekenis vir die pa gehad en hy het vir die mense 'n kruis bo-op die berg geplant sodat hulle daar kon gaan bid.

a. Wat is die kenmerke van die gedig?

1. Die verskil tussen “Sefapano” en konvensionele (gewone) gedigte:

Sefapano	Konvensionele gedigte
Die gedig word van onder na bo gelees	Hierdie gedigte lees jy van bo af.
Die gedig is een lang strofe met oneweredige versreëls.	Hierdie gedigte bestaan meestal uit 'n aantal strofes wat min of meer ewe lank is en die versreëls is ook dikwels ewe lank.
Die gedig het nie 'n spesifieke rymskema nie.	Die gedigte het meestal 'n spesifieke rymskema.
Daar is geen leestekens in die gedig nie en net twee hoofletters.	Daar is gewoonlik korrekte leestekengebruik met hoofletters op die regte plekke.

2. Hierdie gedig is 'n vormgedig, wat beteken dat die vorm van die gedig die inhoud weerspieël. Die gedig handel oor mense wat van die voet van 'n berg tot heel bo stap om by 'n kruis te gaan bid. Die gedig “loop” dus van onder af boontoe – soos die stoet in die gedig teen die berg uit boontoe beweeg.

b. Beantwoord die begripsvrae

1. “aan die voet van Hlomisa” (2)
2. Hulle loop in ’n lang ry. (1)
3. Hulle stap agter die moruti aan, hulle sing en bid terwyl hulle stap en heel bo slaan hulle hul oë op na die kruis. (2)
4. Vroue dra kopdoeke; mans komberse. (2)
5. Hulle sing. (1)
6. Hulle wil vir reën bid. (2)
7. Alliterasie is wanneer die klanke (konsonante) van woorde in ’n versreël herhaal word, gewoonlik aan die begin van die woord (maar nie altyd nie).
“begin die stoet beweeg”
“suurveld stofbesaai” (2)
8. “stofbesaai” (2)
9. Hulle is boere; hulle bestaan hang van reën af. (2)
10. Die gedig handel oor die Sotho-mense wat op die berg gaan bid. Deur die Sotho-woorde te gebruik, word ’n gevoel van egtheid aan die gedig gegee. (2)
11. Uitkoms, hoop (1)
12. gewyd (1)

Totaal: 20